3

Die Voorstraat oos van die Dwarsrivier

Ons kom eintlik nou eers by Ceres se oostelike munisipale grens aan en is gereed om die dorp al met die Voorstraat langs binne te gaan. (Hoewel dié straat amptelik as Mantelstraat of selfs Main Street bekend gestaan het, het ons dit maar altyd die Voorstraat genoem.) Die Voorstraat begin daar by die houtvoetbruggie oor die riviertjie wat die Calvinia-pad, wat hier Ceres se Voorstraat word, kruis. Die eselwaens en perdekarre het deur die driffie langsaan die voetbruggie gery en dan al langs die eikelaning wat hiervandaan dwarsdeur Ceres tot by die Nekkie, aan die voet van die Rooikrans waar Michellspas begin, gestrek het. Hierdie pragtige groot eikebome is sedert 1899 deur die bruinmense gepag om die akkers in die somerseisoen wanneer hulle op die grond val, op te tel en te verkoop.

As ons in Retiefstraat sou afdraai, sou ons 'n gemesselde pilaartjie aan die oostekant van die straat, net daar waar Porterstraat in Retiefstraat doodloop, gevind het. Dié pilaartjie was deel van Morceaux se lyndraad. Aan albei kante van die pilaartjie was kramme ingemessel waaraan die drade styfgetrek en vasgebind was. Waarom die een kant van die pilaar regop was terwyl die ander kant skuins afloop, is 'n raaisel wat nie opgeklaar kon word nie. Moontlik was dit om meer stukrag aan die suidekant te gee sodat die drade eerste aan hierdie kant gespan kon word. Ons voorsate het meer kennis van ingenieurswese gehad as waarvoor ons hul soms krediet gee en Oom Jan Keet, met wie ons reeds kennis gemaak het, sou ons moontlik ook meer omtrent hierdie pilaartjie kon vertel. (In 1990, toe daar voorbereidings getref is om Retiefstraat te verbreed, is die pilaartjie opgebreek en verwyder.)

Paddavlei

Terug in die Voorstraat vind ons aan die westekant 'n plasie wat afgebaken word deur Retief-, Porter-, Cillier- en die Voorstraat. Op dié plasie, wat onder ons as Paddavlei bekend gestaan het, het daar 'n klein rooidakhuisie gestaan waarin mnr en mev Neilsen gewoon het. Hulle was Engelse mense, baie gaaf en groot vriende van my ouers. Mev Neilsen was 'n opgeleide verpleegster en het sowel die mense as die katte en honde van die buurt sonder vergoeding gedokter.

In 1925, toe die Sumner-gesin in hierdie rooidakhuisie ingetrek het, het Paddavlei die naam Schoongezicht gekry. John, die seun van die Sumners, het na ons skool, Ceres High School (wat later die Laerskool Gericke geword het), gekom en was 'n klasmaat van my van standerd vyf af.

John kon nie 'n woord Afrikaans praat of skryf nie en moes noodgedwonge die taal in die skool aanleer. Ons klasonderwyseres, Miss Huxham, het elke dag vir hom 'n paar Afrikaanse woorde neergeskryf wat hy by die huis moes gaan leer spel. Die volgende oggend moes hy hulle dan voor by haar tafeltjie hardop kom spel. Hoe het ons nie geskater van die lag toe hy die eerste oggend die Afrikaanse woorde in Engels probeer spel het nie! Miss Huxham het egter woedend uit haar stoel opgevlieg en die kinders, net soos hulle daar in die banke gesit het, van 'n kant af met 'n rottang deurgeloop. Sy was 'n derduiwel van 'n vroumens en, jy kan maar sê, met 'n rottang in die hand gebore. Ons het dit nie weer gewaag om te lag nie, in elk geval nie so dat jy dit sou agterkom nie. John was 'n baie gawe maat, het links geskryf met 'n pragtige handskrif, en was alom bemind.

(Ek het weer in 1992 met Miss Huxham kontak gemaak waar sy, in haar neëntigerjare, in die Silwerkruin Huis vir Bejaardes in Bredasdorp gewoon het. Hoewel sy doof was, het sy nog goeie gesondheid geniet. Sy het ook daarna 'n briefie aan my geskryf.)

Die Retiefs van Buckingham Palace

Aan die suidekant van die Voorstraat, op 'n gedeelte van De Bosch, het 'n huisie aan die westekant van die riviertjie gestaan. Hierdie huisie was bekend as Buckingham Palace, maar niemand kon my sê waar hierdie naam vandaan kom nie. Hier het Pieter Retief, broer van Ant Miemie Cillié, gewoon nadat hy met Bessie van der Merwe getroud is.

Pieter was 'n plaaswerker op De Bosch en was 'n rowwe man en, soos ons sal sê, 'n

ongeslypte diamant. Sy vrou, Bessie, was nie 'n maklike vroumens nie en het, soos sy ouer geword het, al meer en meer stroomop gebeur. Sy was een aand op 'n funksie waar 'n pragtige pop uitgeloot was, en het dan ook die wenlootjie getrek. Toe die wenner bekend gemaak word, was sy reeds weg huis toe en ek het onderneem om die pop vir haar te gaan wegbring. Dit was al laat en sy was al in die bed toe ek aanklop. Sy het die deur oopgepluk, en sonder om naand te sê, gevra wat de duiwel ek hierdie tyd van die nag aan haar deur kom staan en klop. Sonder om 'n woord te sê het ek die pop na haar toe uitgesteek. Haar grimmigheid het soos 'n newel voor die son verdwyn en is met 'n uitdrukking van verbasing en blydskap vervang. Die volgende oggend het sy my weer gebel en my vreeslik bedank vir die pragtige pop wat ek vir haar gebring het.

Pieter en Bessie se vryery het eintlik begin toe sy in haar pa se tuishuis in Lyellstraat gewoon het om haar broer, Johannes, wat saam met my in standerd ses op skool was, te versorg. Johannes was 'n groot seun en baie stout en mnr Conradie, die skoolhoof, het hom maar gedurig met die rottang deurgeloop, so erg dat hy op 'n dag weggeloop het huis toe en geweier het om weer skool toe te kom. Ek kan nie mooi onthou of mnr Conradie hom by die huis met die rottang gaan haal het of wat nie, maar daar het 'n herrie losgebars en ek meen dat Johannes uiteindelik die skool verlaat het.

Voor hul troue het Pieter altyd te perd by Bessie kom kuier en sy perd voor die huis aan 'n eikeboom vasgemaak. Iemand het een aand die perd losgemaak en skrikgemaak sodat hy huis toe gehardloop het. Pieter het vir die res van sy lewe die skuldige man gesoek, maar gelukkig nooit gevind nie.

Bessie was egter maar met almal oorhoops. As jy sê 'n ding is rooi sal sy volhou dat dit swart is. Die mense het haar egter maar so aanvaar, soos dit dan ook baie jare later, toe haar huis gevaar gestaan het om oorstroom te word, geblyk het. Dit was die tyd toe mnr Braam Fernhout 'n dam op sy plaas Vreeland, in die noordoostelike Warmbokkeveld, laat groter maak het deur die nuwe wal aan 'n stuk van die ou wal aan te las. Toe die vergrote dam mooi vol water was, het die nuwe wal van die oue begin losbars en daar was 'n wesenlike gevaar dat die dam sou breek. Die boere het van heinde en verre met hul werksmense en gereedskap opgedaag om die dam te probeer red.

Die dam was juis 'n opdamming in die riviertjie wat by Bessie se huis verbygevloei het. Indien dit sou breek, sou haar huis oorstroom word. Pieter was teen dié tyd reeds oorlede en ons het nie aan Bessie gedink voor daardie eerste aand na sononder toe iemand vra of ons nie vir haar moet gaan help om die huis veiligheidshalwe te ontruim nie. Iemand anders antwoord egter hier van dié kant af, 'Nee wat, dis nie nodig nie. As daar iets sou gebeur, sal sy stroomop swem en môreoggend weer hier by die dam wees!' Die dam se wal

is egter wonder bo wonder gered en Bessie het nie nodig gehad om hierdie keer stroomop te swem nie.

Oom Willie Oubrood se kafee

So 'n entjie verder aan vanaf Buckingham Palace, na die dorp se kant toe, het Oom Willie van Rensburg, alom bekend as Oom Willie Oubrood, sy kafee aan die suidekant van die Voorstraat gehad, waar hy goeie besigheid met veral die kleurlinggemeenskap gedoen het. Hy en die Tante kon vreeslik lekker gesels en, as jy iets daar gaan koop het, het dit gewoonlik lank geduur voordat jy weer op pad was. Hulle dogter, Magda, en haar man het later die besigheid oorgeneem toe die twee oues afgetree het, en die alombekende Wieldraai-restaurant daar naby opgerig.

Skoolmaats van Cillierstraat

As ons 'n bietjie verder in 'n westelike rigting met die Voorstraat aanstap, kruis ons Cillierstraat, wat in die twintigerjare 'n kronkelende riviertjie was. Dié riviertjie het onder 'n houtbruggie onder die Voorstraat deurgeloop. Buiten hierdie bruggie en 'n driffie in Porterstraat was daar nie 'n ander oorgang oor die riviertjie nie. Aan weerskante was daar twee kronkelende paadjies parallel met die riviertjie wat, hoewel aan die westekant van Porterstraat af tot by die Rossouws se huis met 'n perdekar begaanbaar, eintlik net voetpaadjies was.

As kinders het ons in hierdie riviertjie paddas met rekkers geskiet, en platannas en kurpers met 'n gebuigde speld en stukkie gare, uit Moeder se werksmandjie gegaps, gevang. Die erdwurms wat ons as aas gebruik het, was volop. As jy 'n padda hier bo van die wal af mooi in die middel van die rug tref, het dit so 'n harde klapgeluid gemaak, en dan het almal geweet dat dit 'n voltreffer was.

Aan die westekant van die riviertjie, naby die Voorstraat, het die Hambly-gesin gewoon, en 'n bietjie verder noord, die Rossouws. Om by hulle huise te kom moes mens met die voetpaadjie langs loop. Willie Hambly, Willem Rossouw en die twee Griffiths-seuns, wat in Fabriekstraat gewoon het, was my speelmaats. Toe daar 'n epidemie van pampoentjies op die dorp uitbreek, het hulle almal siek geword en uit die skool gebly, maar ek kon maar net nie aansteek nie. (Ten spyte van al my pogings om ook pampoentjies te kry het ek tot vandag toe nog nie daarin geslaag nie.)

Willem Rossouw

Willem Rossouw was later nie meer tevrede om klippies en akkers as ammunisie vir sy rekker te gebruik nie en het 'n loodloper ontwerp. Willie Hambly, wie se pa 'n wamaker was, en Willem het die ammunisie daar in Willie se pa se werksplek gaan vervaardig. Die twee se vakmanskap was egter maar primitief en die koeël, so groot soos 'n albaster, was heeltemal misvorm en punterig. Willem wou die ding nietemin toets en soek toe 'n teiken wat hom in staat sou stel om, nadat dit sy slagoffer getref het, weer die prototipe in die hande te kry.

'n Kleurling met so 'n lang baadjie wat glad te groot vir hom was, kom toe juis op daardie oomblik verbygeloop en Willem, sonder om verder te dink, blaker hom hoog in die boud met die loodloper. Toe die loodloper met die trefslag so 'n klapgeluid maak, nes 'n padda wat die doodskoot kry, het ons geweet dat daar groot fout is. Gelukkig was daar 'n dosie vuurhoutjies in die kleurling se baadjiesak, maar ongelukkig was die dosie nie meer heeltemal vol nie. Die loper is dwarsdeur die dosie en moes later uit die slagoffer se boud verwyder word.

Dit was nie nodig om die saak by die gereg aan te meld nie want Willem se pa was 'n polisieman. Hy het somar self die hofsaak gehou en die vonnis opgelê asook gevel. Willem het nie weer sy prototipe teruggevind nie. Hy het dit ook nie weer nodig gekry nie want die lus om verder met moderne artillerie en ammunisie te eksperimenteer het opgeraak.

Willie Hambly

Willie Hambly was so 'n vaal mannetjie met krom beentjies wat nie eens 'n vlieg te na sou kom nie. Hy het somar naar geword as ons 'n droë grashalmpie in 'n naaldekoker se stert steek om te sien hoe oulik dit dan vlieg.

In daardie tyd het John Munnik se ouers op Ceres ingetrek en het hy na ons skool toe gekom. John was 'n groot lummel van 'n vent en 'n gewetenlose boelie wat niemand met rus gelaat het nie. Hy het links geslaan en 'n ring op sy middelvinger gedra waarmee hy ons gesigte geskend het. Vyf houe met 'Monkeybrand' (mnr Conradie, ons skoolhoof, se bynaam) se rottang het hom nie juis minder aggressief gemaak nie, en ons kleintjies was vir hom so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen. Ons het hom die naam van John Boel gegee.

Die dag toe John Boel met Willie Hambly slaags raak het hy egter die fout van sy lewe gemaak. Willie het ewe goedig geglimlag en komkommerkoel gebly totdat John hom begin rondpluk het. Tot ons almal se verbasing vlieg Willie toe meteens onder hom in

soos 'n Dawid van ouds en moker die grote Goliat met dwarrelende vuiste dat hy nie eers kans kry om sy ystervuis tot aksie te bring nie. Die uiteinde van die geveg was dat John met 'n blou oog teen die tralies gestaan en huil het terwyl Willie nou nie juis 'n ophef van die saak gemaak het nie. Hierna was John 'n heel skaflike seun wat goed op die jaarlikse 'skoolsports' presteer het. (Ons het toe nog nie 'atletiek' gehad nie.)

Willie se suster, Gwendoline, is later met 'n sekere mnr Reilly getroud. Dié het 'n drukpers aan die suidekant van die Voorstraat, op die oosoewer van die Dwarsrivier (waar Katzenellenbogen & Fish se winkel later was), opgerig. Nadat Willie die skool verlaat het, het hy by dié drukpers gaan werk.

Met verloop van tyd het Willie die drukkery van sy swaer gekoop, 'n transaksie wat deur mnr Krige, 'n prokureur van wie ons later sal vertel, gefinansier is. Willie het met die drukkery voortgegaan totdat die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het, waarna hy nie meer papier kon bekom om sy werk voort te sit nie.

Hy het daarna werk by die *Worcester Standard* op Worcester gekry en, met sy ondervinding, is hy spoedig tot bestuurder van daardie uitgewery bevorder. Daar hierdie bevordering oor die koppe van ander senior werknemers van die uitgewery gegaan het, het dit tot ontevredenheid gelei wat hom baie hoofbrekens besorg het. Sy omstandighede het later so onplesierig geword dat hy sy pos bedank het.

Terug in Ceres het Willie etlike jare in die kantoor van Fowler's Service, Ceres se Fordmotorhawe van destyds, gewerk. Toe mnr Van Jaarsveld later die Western Province Press op Ceres kom oprig het, het Willie tot sy aftrede daar gaan werk.

(Na mnr Van Jaarsveld se dood het sy vrou nog 'n wyle met die besigheid voortgegaan, met Eileen Crompton (later Eileen Fernie) aan die stuur van sake. Die drukkery is later verkoop en het, nog later, verhuis van die Voorstraat (regoor die Roomse Kerk) na Hamletweg, op die perseel waar Piet Bosman se vrugtesapfabriek vroeër was.)

Die drukpers van mnr Reilly, wat later aan Willie Hambly behoort het, was egter nie die eerste een op Ceres nie. Die vroegste drukpers wat ek kan onthou was dié van mnr Weber, 'n kleurling, oor wie ek later sal vertel. Daar was ook later 'n ander drukpers in die Voorstraat, kort by die hoek van Retiefstraat. Dié het aan 'n sekere mnr Fraus behoort, maar hy het nie lank daarmee voortgegaan nie.

Willie se ouer broer, Norman, was 'n natuurliefhebber wat die berge rondom Ceres soos die palm van sy hand geken het. Hy het geweet waar die mooiste proteas groei en het ook seldsame blomme ontdek op plekke wat hy geheim gehou het. Hy het self hierdie blomme vir die jaarlikse skou gaan pluk, maar het sy geheim tot sy dood bewaar.

Mnr Brett se moerbeiboom

Langs die Hamblys, aan die noordekant van die Voorstraat, het mnr Brett gewoon. Hy het 'n yslike moerbeiboom in sy agterplaas gehad. Wanneer die vruggies ryp word, het die voëltjies daarin baljaar en die hele agterplaas bemors. Ek en my maats het toestemming verkry om hulle met ons rekkers te skiet, maar moes ons eers kom aanmeld. Ons ammunisie het die boom egter later so verflenter dat mnr Brett uiteindelik besluit het om maar die voëltjies se gemors bo ons s'n te aanvaar.

Die Baartman-gesin

Skuins oor mnr Brett se huis, aan die suidekant van die Voorstraat, was die eerste werklike groot huis, dié van Oom Lammie Baartman en sy vrou, Tannie Kate. Oom Lammie, vir wie die grootmense 'Baas Baartman' genoem het, was 'n bouer asook die eienaar van die saagmeule op die suidoostelike hoek van Fabriek- en Oranjestraat. Die saagmeule se gebou het groot skuifdeure gehad, maar ons is belet om dit te betree aangesien dit glo te gevaarlik vir kinders daarbinne was.

Eendag het ek eenkant by die deur gestaan en kyk hoe Oom Lammie een stuk hout na die ander deur die saag voer. Meteens het die saag net so 'n kort pieng-geluid gemaak – toe Oom Lammie sy wys- en middelvinger mooi glad teen die hand afsaag! Hy het die hand met die ander een by die pols vasgevat en al bloeiende by my verbygestrompel huis toe. Kort daarna het dr Munnik (van wie ek later meer sal vertel) van Vosstraat se kant af aangedraf gekom, somar kortpad gevat en oor die sloot gespring, en agter Oom Lammie aan om die hoek verdwyn. Terwyl ek nog verdwaasd daar rondstaan kom Oom Lammie se bruin handlanger na my toe aangestap, maak sy hand oop en wys wat hy daarin het. Dit was Oom Lammie se twee vingers, toe reeds potblou van kleur! Die wysvinger was nog gekrom soos hy die hout vasgehou het en die nael was lank en vuil. Ek staan nog en wonder of Oom Lammie dan nie sy naels saans borsel nie, soos Moeder vir my laat doen, toe ek so 'n nare gevoel op my maag kry. Ek het op die rand van die watersloot met my kaalvoete in die water gaan sit en siek geword, baie siek, en nie geweet waarom nie.

Oom Lammie se een dogter, Caroline, was my onderwyseres in standerd een en ook my eerste liefde. Ek het haar so liefgehad dat dit eintlik seer gemaak het. Ek het eendag twee spelfoute in my Engelse 'dictation' gehad en gehuil oor die skande wat my oorgekom het. Toe Desmond Smith my na skool daaroor gespot het, was ek so woedend dat ek hom sommer te lyf gegaan het. Oudergewoonte het die seuns kringetjie om ons gemaak en ons om die beurt aangemoedig. Na 'n ruk het Caroline ontsteld aangehardloop gekom en ons

uitmekaar kom maak, maar nie voordat ek 'n bloedneus en Desmond twee los voortande gehad het nie. Sy het my bloed met 'n verskoninkie vir 'n sakdoekie afgevee en Desmond se tande geïnspekteer. Hulle was darem nog daar, hoewel 'n bietjie wankelrig.

Nadat ons haar gedwee terug na die klaskamer gevolg het, het sy ons in die voorste bank sitgemaak en mooi met ons gepraat. Om ons gemoedere te laat sak moes ons 'n kwartier lank styf langs mekaar sit terwyl sy nasienwerk gedoen het. Hierdie prosedure moes 'n week lank elke middag na skool herhaal word, maar na drie dae is die vonnis opgeskort, daar ons reeds weer groot vriende was en allerhande kattekwaad begin aanvang het.

Oom Lammie se jongste dogter, Bernice, was ook saam met ons in die klas. Marius Malherbe van Morgenzon was danig verlief op haar. Hy het uiting aan sy liefde gegee deur haar agter 'n eikeboom voor te lê wanneer ons huis toe gaan, haar te vang en te soen, en dan die hasepad te kies. Na dié voorvalle het Bernice gewoonlik in trane by die huis aangekom. Caroline het besluit om haar sussie te hulp te snel en het Marius se liefde op 'n subtiele wyse laat afkoel. Sy het hom gedwing om Bernice voor die hele klas te soen, waarna sy hom self 'n klapsoen op die voorkop gegee het. Na hierdie episode was Marius nie meer so romanties ingestel nie.

Buiten Caroline en Bernice was daar was nog twee Baartman-dogters, Sophie en Nora. Ek weet nie of Sophie ouer of jonger as Caroline was nie, maar Nora was die tweede jongste dogter en 'n maat van my suster, Mona.

Oom Lammie se jongste seun, Rex, het in die bank gewerk totdat hy ernstig in 'n motor-ongeluk beseer is. Daarna het hy as boekhouer by verskeie instansies gewerk. Hy het ook 'n amateur-radiostasie gehad vanwaar hy met ander 'hams' oor die hele wêreld gepraat het. Saans, terwyl die stilrolprente in Catto se bioskoop vertoon is, was dit ook Rex wat die begeleidende musiek op die pianola of klavier gespeel het.

Oom Lammie het 88 jaar oud geword en sy vrou, Tannie Kate, 93.

Ye Old Tea Garden

Op die suidoostelike hoek van die Voorstraat en Fabriekstraat (waar Alpha Motors tans is), was die weduwee Lizzie Brent se Ye Old Tea Garden onder die pragtige eikebome. Gedurende die somermaande het sy tee en tuisgebakte lekkernye aan die gaste voorgesit, maar besigheid was nie so florerend wanneer die winter met sy koue, nat weer aangebreek het nie. Aangesien sy dit nie breed gehad het nie, het Moeder my so dan en wan met 'n mandjie eetgoedjies na haar gestuur. Die mandjie het egter nooit leeg teruggekom nie, al was daar maar net 'n suurlemoen of iets in.

Haar seun, Gerald, was 'n onbeskofte mannetjie van wie ons nie veel gehou het nie, en haar dogter, Laura, was verstandelik gestrem sodat Ant Lizzie baie tyd aan haar versorging moes bestee.

Oom Piet Coetzee

Langs Ye Old Tea Garden, na die suidekant in Fabriekstraat, het Oom Piet Coetzee gewoon. Sy twee dogters, Hannie en Bettie, is later met Oom Boy en Ant Hannie Bosman, eienaars van die losieshuis Riverton se twee seuns, Boy en Mike, getroud. Oom Piet, wat later baie siek geword en bedlêend was, se vrou is op 15 Julie 1909 skielik oorlede.

Die volgende is 'n koerantknipsel oor haar doodsberig wat my ter hande gekom het (ek kon nie vasstel uit watter koerant dit kom nie):

> Quite a gloom was cast over our little village on Thursday when Mrs. Coetzee, the wife of Mr. P. Coetzee senr., died suddenly. The deceased lady has not been in the best of health lately, but the end came most unexpected. Mr. Coetzee has been an invalid for some months, and his devoted wife died at his bedside – a good wife – fond mother – a friend to all. She will be missed by all, especially a large family of sons and daughters. The funeral took place on Saturday afternoon and was largely attended, showing the respect in which the deceased lady was held. Numerous wreaths were sent from the following sympathising friends: Mr. and Mrs. E. van der Merwe, "River View", Mr. S.A. Celliers, Mr. and Mrs. Marshall, Mr. and Mrs. H. Krieger, Mr. and Mrs. P. Bosman, Mr. and Mrs. L. Boyes, Mr. and Mrs. E. Munro, Mr. and Mrs. J.B. Hambly, Miss M. Armstrong, Rev. E. and Mrs. Morris, the Misses Carson, Mr. and Mrs. C. Kieth and others.

Oom Piet Coetzee is weer later getroud.

Polisiestasie

Regoor Ye Old Tea Garden, op die noordoostelike hoek van die Voorstraat en Fabriekstraat, was die polisiestasie met sy blou liggie. Die gebou het 'n taamlike hoë stoepie gehad wat met twee treetjies tot op die straatvlak gesak het. As die gereg 'n besopene met die hande onder die armholtes daar opgesleep het, het sy velskoene se hakke so woep-woep-woep teen die treetjies op geklap.

Die meeste geregsdienaars het kamaste en spore gedra, daar hulle gereeld die distrik te

perd gepatroleer het. Die perdestalle was agter die polisiestasie geleë en die perde is elke dag blink geroskam.

Piet en Therese Veldsman

Die noordwestelike hoekhuis oorkant die straat het 'n wit ringmuur aan die twee straatkante gehad. Dit was die huis van Ant Wiesie Cloete voordat Piet en Therese Veldsman daar ingetrek het. Piet het met 'n hees stem gepraat, was die eerste apteker wat ek kan onthou, en het sy besigheid regoor die Engelse kerk gehad waar mnr Fox later ingetrek het.

Piet en Therese was baie gawe en gewilde mense en sy was 'n mooi vrou, kort van postuur en so effens geset, maar nie om van te praat nie. Sy was ook baie musikaal en het gereeld gehelp met die organisasie van musiek- en ander konserte op Ceres. Daar is elke jaar verskeie sulke konserte gereël want ons was destyds daarop ingestel om ons eie vermaak te verskaf.

Hier vroeg in die twintigerjare het sy by so 'n geleentheid 'n orkes op die been gebring waarin al die musiekleerlinge – en daar was baie van hulle op Ceres – gespeel het. Toe ek egter uitvind dat ek die enigste seun in die orkes was (ek het die viool bespeel), het ek geweier om verder daarin op te tree, omdat ek gevrees het my maats sou sê dat ek 'n sissie is. Sowel Therese as my moeder en suster was baie kwaad vir my hieroor, maar Vader het verstaan en hom stilletjies aan my kant geskaar.

Die hoekhuis van die Veldmans is later aan Dawie Roux verkoop. Ná hom was mnr Metter die eienaar en bewoner van dié huis.

White Horse se motorhawe

Die suidwestelike hoek van die Voorstraat en Fabriekstraat (waar Belmont se buiteverkope vandag geleë is), was vroeër 'n oop erf met 'n tuiemaker se werkplekkie so 'n entjie terug van die straat af. Later het White Horse van Niekerk sy motorhawe daar gebou. Sy naam was Hendrik maar hy was alom bekend as White Horse omdat dit die naam was van die voggies wat hy taamlik mildelik gebruik het. White Horse het later sy motorhawe verkoop aan mnr Mynhard, wie se vrou die rooiste rooi hare gehad het wat ek nog ooit gesien het.

White Horse se broer, Stefanus, het 'n rooi gesig vol sproete gehad. Hy was bekend as 'Fanie Bek' en was getroud met Annie Bosch, 'n dogter van Ant Miemie Bosch. Annie het damesklere gemaak en verkoop – in dieselfde gebou as A M Frick se winkel, waarby ons later sal kom.

Belelie, die kleremaker

Langs White Horse se motorhawe, nog aan die suidekant van die Voorstraat, het Belelie sy kleremakerswinkeltjie gehad. Hy moes van Slamse afkoms gewees het maar was lig van kleur en het uitstekende naaldwerk gedoen. My vader het soms van hom gebruik gemaak om naai- en stikwerk vir hom te doen as hyself te veel werk gehad het. Belelie het 'n dogter gehad wat baie lig van kleur was, met pragtige blonde hare.

Moosa en Valli Ebrahim

Net langsaan Belelie se besigheid was Moosa Ebrahim se negosiewinkel, met Valli Ebrahim s'n regoor hom, aan die noordekant van die Voorstraat. As kinders het ons geglo dat Moosa en Valli broers was, maar of dit wel so was, weet ek nie. Moeder het al haar 'groceries' by Valli se winkel gekoop. Ons het hom almal 'Avalli' genoem. Ek weet nie hoekom nie, maar hy was maar net Avalli en klaar.

Soos al die ander klante, het Moeder haar boekie gehad wat Avalli voorsien het; somar so 'n klein blou notaboekie met haar naam voorin geskryf. Gedurende die week het Moeder boekgehou van die goedjies wat kort raak in die huis en Vrydagoggende is dié lysie gebruik om haar bestelling vir die week in Avalli se boekie op te maak. Op dieselfde dag het Avalli se kleurlingwerker die boekie kom haal en dit, saam met haar mandjie waarin die bestelling afgelewer moet word, na die winkel geneem. Gedurende die dag het Avalli dan die pryse agter die items op moeder se lysie ingeskryf, die bestelling opgemaak, 'n kardoesie klontjies as pasella daarby ingepak, waarna sy kleurlingwerker die 'groceries' in Moeder se mandjie by ons huis kom aflewer het. Aan die einde van die maand het Vader of Moeder die boekie na Avalli se winkel geneem om dit 'af te square' en die rekening te betaal.

Die huis van die Smiths

Net langs Avalli se winkel, aan die noordekant van die Voorstraat, het die Smith-familie

gewoon. Hulle seun, Desmond, was die seun met wie ek in standerd een slaags geraak het. Ek onthou nog die wit muurtjie voor hierdie huis, asook die lekker groot agterplaas waar ons destyds gespeel het.

Manewales by die Majestic Hotel

Langs Moosa se winkel, aan die suidekant van die Voorstraat, was daar eers 'n woonhuis. Dié is later gesloop en die Majestic Hotel is toe op daardie perseel gebou. Mnr Deterlie was die eerste eienaar van die hotel. Ná hom het eers mnr Cohen, en daarna mnr Brummer, die hotel gehad.

Mnr Brummer het 'n baie mooi vrou gehad wat baie jonger as hy was. Sy het hom glo later vir 'n ander man verlaat, maar ons kinders was nie veronderstel om van dié skande te weet nie. Dit was dinge waaroor die grootmense fluisterend gepraat het, maar as hulle so praat, het ons kinders varkoor gegooi om uit te vind wat aangaan.

Aan die agterkant van die hotel was 'n sementblad met 'n ronde visdam in die middel wat omring was deur 'n knie-hoë muurtjie. Dié sementblad is soms as 'n buitelugdansplek gebruik. Nadat ek die skool verlaat het, het ek 'n orkes gehad en ons het soms somar so vir die aardigheid, sonder vergoeding, by hierdie sementblad gaan musiek maak sodat die mense 'n bietjie kon skoffel.

By hierdie geleenthede was daar altyd 'n Kruger-kêrel wat sulke windmakerpassies gemaak het as hy dans, en gedurig in botsings met die ander dansers betrokke was. Een aand, toe hy in trurat met sy spektakels besig was, tref hy die visdam se muurtjie met sy kuite, slaan runsagteroor, en val met sy dansmaat bo-op hom in die water.

Dit was ook na afloop van een van hierdie dansaande by die Majestic Hotel dat twee mans, wie se name ons liefs nie sal noem nie, die aand 'n rydop gedrink het voordat hulle na Touwsrivier sou vertrek. (Om daar te kom, moes mens die Calvinia-pad neem, en deur die Warmbokkeveld en Theronsbergpas uit tot bo-op die berg ry. Nog 'n hele ent verder aan, waar die pad weer begin afsak, kom mens dan by Hottentotskloof – wat destyds 'n uitspanning was wat 'n ruk lank deur Oom Dawid Cohen, van wie ons later meer sal vertel, bedryf is – uit. Net anderkant Hottentotskloof het die pad na Touwsrivier na regs afgedraai, en om dié afdraai te kry, moes mens tot op die werf van die plaas Matjiesfontein ry, en daar weer skerp na links tussen die plaasgeboue deur afdraai. As jy laasgenoemde afdraaipad ignoreer, beland jy op die pad wat jou via die Swaarmoedpas, 'n baie steil en nou pas wat tot vandag toe nie geteer is nie, weer na Ceres toe terugbring.)

Na hulle hul laaste versterkinkie – wat nie die eerste een van die aand was nie – agter die blad gesit het, het die twee mans in die pad geval, is Theronsbergpas uit en anderkant by Hottentotskloof af. In hulle benewelde toestand mis hulle toe die skerp afdraai na links op Matjiesfontein se werf, hou somar reguit aan en kom uiteindelik met die Swaarmoedpas af, terug na Ceres toe. Met dié dat hulle die dorp inry, loop Sammy Baum by die Majestic Hotel voor hulle oor die straat. Dis net daar waar hulle toe by hom stilhou, en een van hulle met verbasing vra: 'Haai, Sammy, wat maak jy dan hier op Touwsrivier?'

Die Majestic Hotel is later gesloop. (Op dié perseel is daar vandag 'n parkeerterrein.) Toe die Majestic Hotel nog in bedryf was, was daar 'n tweede hotel, die Waverley Hotel, op die aangrensende perseel (die suidoostelike hoek van die Voorstraat en Vosstraat). Die Waverley Hotel was 'n dubbelverdiepinggebou met 'n houtbalkon bo-op. Dié hotel is egter vroeg in die twintigerjare, nadat die vorige Ceres Hotel afgebrand het, verkoop, opgeknap en herdoop na die Ceres Hotel. Ook dié Ceres Hotel is later gesloop en mnr Havenga het sy motorhawe op daardie perseel gebou. Die motorhawe is nog later deur Piet van Dyk gekoop en toe onder die naam 'Van Dyk Motors' bedryf. (Dit is die perseel wat vandag deur Shoprite beset word.)

22 Die Majestic Hotel links voor in die Voorstraat met die (derde) Ceres Hotel (voorheen die Waverley Hotel) langsaan

My vader se eerste woon- en werkplek

Net langs die Smith-familie se huis, en regoor die Majestic Hotel, was 'n groot erf wat aan my vader, Izak Botma, behoort het. Op dié erf was 'n woonhuis en 'n snyerswinkel, in een

gebou gehuisves. Vader was van Tulbagh afkomstig, het die snyersambag op Worcester geleer, en het net voor die Boereoorlog van 1899–1902 na Ceres gekom.

Gedurende die oorlog het 'n klomp 'joiners' Vader gaan verkla omdat hy glo dinge sou gesê het wat mens nie van die Tommies mag gesê het nie. Hy is ook deur laasgenoemde ondervra maar hulle kon nie juis afdoende getuienis kry om hom te arresteer nie. Vader is nietemin as 'n 'undesirable' persoon verklaar en moes hom derhalwe elke oggend, saam met nog 'n paar ander mans, by die Tommies se kantoor kom aanmeld. Dit was egter nie vir hom 'n groot probleem nie, want dié kantoor was somar naby sy snyerswinkel. So kon hy binne 'n ommesientjie weer terug by sy werk wees.

Die Engelse kommandant het egter 'n ander manier gevind om hulle uit te tart, en het die kantoortjie vir aanmelding na die Nekkie, vlak by die begin van Michellspas, verskuif. Verder het die Tommies nie my vader en die ander mans aangeteken wanneer hulle op die vasgestelde tyd hulle opwagting daar gemaak het nie. Hulle is gedwing om daar te wag so lank as wat dit die Tommies behaag het.

Om toe, op hulle beurt, die Tommies uit te tart, het Vader en sy maats dan allerhande soorte speletjies daar gespeel waartydens hulle vreeslik geraas en tekere gegaan het. Hierdie oor en weer getartery het uiteindelik daartoe gelei dat Vader gearresteer is en vir die duur van die oorlog na die konsentrasiekamp op Matjesfontein, knap suid van Touwsrivier, gestuur is.

Maar selfs op Matjesfontein kon die Tommies nie vir Vader onderkry nie. Hy was glad te veel van 'n platjie en het vir almal, inklusief die Tommies, allerhande poetse gebak.

So het hy my vertel van die uitkyktoring in die kamp wat 'n dakkie van sinkplate gehad het. Daar was seker nie die nodige spykers of skroewe beskikbaar nie, en die Kakies het gevolglik op elke hoek van die dak 'n kis vol boeliebief gehang om dit vas te hou. Toe die wind weer eendag waai soos dit net in die Karoo kan waai, waai die dak van die uitkyktoring, tot verbasing van die Kakies, ook af. Toe hulle daarna gaan ondersoek instel hoekom die swaargelaaide kiste nie die dak kon vashou nie, moes hulle vind dat die boeliebief uit die kiste gesteel was. Niemand sal weet hoe dit onder die oë van die Engelse wagte reggekry is nie!

Die toilet van die kamp het bestaan uit 'n dieperige sloot wat in die grond gegrawe is, en twee dikkerige mikstokke wat weerskante in die grond geplant is. 'n Disselboom is oor die sloot in die mikstokke geplaas, waarop hulle somar so op 'n ry gesit het. Op 'n dag het Vader die mikstokke 'gedokter' (ek weet nie hoe nie), en toe die vrag op die disselboom

swaar genoeg was, het die paal die gees gegee en saam met die hele vrag sittendes onder in die sloot beland.

Na die oorlog het Vader met die fiets van een van die Engelse rapportryers van Matjesfontein af huis toe gekom. Dit was 'n Raleigh-fiets met 'drop handles' – die einste fiets waarop ek twintig jaar later leer fietsry het. Hoe Vader hierdie fiets in die hande gekry het, het ek nooit kon uitvind nie.

Na die oorlog het Vader na Londen gereis om sy snyersdiploma te verwerf. Terug in Suid-Afrika het hy in 1906 met Oom Danie Joubert van Morceaux se dogter, Anna, in die huwelik getree. Hy het toe die huis in die Voorstraat as woon- en werkplek vir hulle laat bou. Hulle eerste kind, my suster Maria (Mona), is dan ook hier gebore. Later het hy 'n ander huis in Fabriekstraat gebou, waar ek die grootste gedeelte van my kinderjare gewoon het. (Vandag woon George en Peggy Potgieter op dié perseel.)

Nadat ons gesin na die huis in Fabriekstraat getrek het, het die Hoitsema-gesin ons eerste huis in die Voorstraat betrek. Later het hulle een kamer van die snyerswinkel, wat drie lokale gehad het, bygehuur, en The Handy House daar geopen. In hierdie winkel is speelgoed en allerhande snuisterye verkoop wat veral met Kersfees baie byval gevind het. Hulle oudste dogter was toe al met die posmeester, mnr Conradie, getroud, wat skuins oorkant ons huis in Fabriekstraat gewoon het.

Die jongste dogter van die Hoitsemas, Freda, was telefoniste en het by die sentrale gewerk, wat destyds net van agtuur soggens tot vyfuur smiddags oop was. Sy is later met Tat Cowper van Mazoe (spreek uit Masoie), wat voorheen 'n alkoholis was, getroud. Hy het beloof dat hy sy drinkery sou staak as sy met hom trou, en het die laaste sterk drank die aand voor sy troue op die ramparty gedrink. Daarna het hy nooit weer drank gebruik nie, en Freda het hom getrou bygestaan deur hom nooit alleen êrens te laat gaan nie. Sy het selfs saam met hom dorp toe gekom as hy die pos kom haal het. Hy was ook 'n natuurliefhebber en 'n kranige bergklimmer. Op sy sewentigste verjaardag het hy die laaste keer die Rooikrans tot op sy kruin uitgeklim, 'n prestasie wat min mense, indien enige, hom kon nadoen. Hulle het hierna na Agulhas verhuis waar albei van hulle hoë ouderdomme bereik het.

In 1925 het Vader sy snyerswinkel aan Kotze, die bekende snyers van Kaapstad, verkoop. Mnr Arnold het as bestuurder ingetrek en ook die huis betrek. Hy het later in 'n treinongeluk gesterf.

23 Kotze se snyerswinkel wat hy van Vader gekoop het

Na mnr Arnold se tragiese heengaan het Oom Adam Rankin, wat onder mnr Arnold gewerk het, bestuurder geword en ook later die besigheid gekoop. Hy is later met die weduwee Arnold getroud wie se seun, Jimmy, 'n bekende figuur in musiekkringe was. Jimmy het, net soos sy oorlede vader, 'n pragtige sangstem gehad en was ook voorsitter van Ceres se Musiekvereniging. Ek het ook vir 'n rukkie klavierlesse by mev Rankin geneem, maar dit wou eenvoudig nie vlot nie. Sy wou my klassieke musiek leer speel en ek wou 'Sarie Marais' speel. Ek het reeds van my sesde jaar af klassieke musiek op die viool leer speel en was teen hierdie tyd net mooi keelvol daarvan.

Die uitspanning

Tussen Vader se snyerswinkel en Oom Tom Theron se slaghuis langsaan was daar 'n deurgang na 'n uitspanning wat agter die slaghuis geleë was. Die uitspanning het ook 'n tweede uitgang in Vosstraat gehad.

In daardie dae het Ceres 'n hele aantal sodanige uitspannings gehad, elkeen met twee toegange. Die uitspannings het gewoonlik aan winkeliers behoort wat dit gebruik het om hulle ware van die vele togryers, wat destyds die rol van vervoerkontrakteurs vervul het, in ontvangs te neem. Elke uitspanning het dus gewoonlik groot pakskure gehad vir die opberging van wol, graan, huide, velle en ander produkte waarmee handel gedryf is. Die pakskure het bakhoogte platvorms gehad om die op- en aflaai van produkte te vergemaklik.

Daar was gewoonlik ook 'n paar stalle vir die togryers se perde, esels en donkies. Die togryers het gewoonlik hulle eie seilvoerkrippe vir hulle trekdiere gehad wat hulle saam met hulle op hulle togte geneem het. Elke uitspanning het gewoonlik 'n waterkrip vir die trekdiere voorsien. Boere wat van afgeleë plase gekom het om inkopies te doen het ook dikwels hulle perdekarre en trekdiere by die uitspannings versorg.

Oom Vaatjie van Wyk

Oom Vaatjie van Wyk was een van die togryers wat altyd van die uitspanning agter Oom Tom Theron se slaghuis gebruik gemaak het. Oom Vaatjie se naam is nie net aan sy postuur ontleen nie, maar ook aan die vaatjie met 'n ietsie daarin wat altyd onder sy donkiewa gehang het, en wat hy gebruik het om die innerlike so dan en wan op sy togte te versterk. Hy het aan die suidpunt van Vosstraat, op die oostelike hoek, daar waar dié straat in die Kerkgrond-kleurlinggebied doodloop, gewoon.

Oom Vaatjie was maar lief vir sy doppie, en soos die ouderdom toegeneem het, het hierdie liefde saamgegroei. Hy was 'n fris man met 'n groot maag en dié het tred met die omstandighede gehou. Toe hy hom weer eendag so effe vergryp het en dorp toe wou stap, het hy sy balans op die bruggie oor die leiwatersloot voor sy huis verloor en mooi netjies in die sloot neergeslaan. Hy het perfek daarin gepas en die water laat opdam totdat dit die straat en omgewing oorstroom het. Op eie stoom kon Oom Vaatjie nie daar uitkom nie en 'n hele paar mense moes kom hand bysit om hom uit te tel en weer staan te maak. Hy het nie die dorp gehaal nie.

As Oom Vaatjie met sy donkiewa gedurende 'play time' by die hoërskool verbygekom het op pad na die ou stasie wat langs die gholfbaan geleë was, het die seuns oor die draadheining gehang en 'Hôô! Hôô!' geskree – 'n bevel wat die donkies gewillig en gedwee gehoorsaam het. Oom Vaatjie het dan geen keuse gehad nie as om die sambok in te lê om die span weer aan die gang te kry.

Oorkant die skool was 'n huisie met 'n veranda vooraan wat deur 'n rankplant toegegroei was. Agter hierdie skuiling was 'n hok met 'n papegaai in wat baie oulik kon praat. Ons kinders het hom natuurlik allerhande onwelvoeglike woorde geleer, tot groot misnoeë van die eienaar.

Eendag toe Oom Vaatjie weer met sy donkiewa gedurende skooltyd daar verbykom, het die papegaai besluit om namens die kinders te ageer en die donkies met gemak tot stilstand gebring. Toe Oom Vaatjie die stem daar van die stoep af hoor, het hy hom deeglik

vervies, van sy donkiewa afgeklim en die 'man' stadig bekruip, die sambok gereed in sy hand om hom uit te looi. Hy het die tuinhekkie met groot omsigtigheid oopgemaak en die treetjies soos in vertraagde aksie opgeklim. Maar toe Oom Vaatjie so vat-vat om die rankplant loer, skree die papegaai direk hier in sy oor: 'Voertsek, blêrrie fool!' Oom Vaatjie, skoon uit die veld geslaan met die aansig en aanhoor van die papegaai, het net daar in sy spore omgedraai, met die woorde: 'Maar kyk so 'n verdomde kenêrie!'

Oom Tom Theron

Maar terug na Oom Tom Theron, eienaar van die slaghuis in die Voorstraat. Volgens aan my vertel is, het hy eers op die plaas Achtertuin (wat later onderverdeel is in Achtertuin, Buchuland en Quarta) geboer. Nadat hy Achtertuin aan 'n sekere mnr Rooke vir £200 verkoop het, het hy op die suidwestelike hoek van Munnik- en Pinestraat kom woon. Afgesien van die slaghuis in die Voorstraat het hy ook 'n melkery op sy groot woonerf gehad.

Oom Gielie Hugo, wat op die suidwestelike hoek van Vos- en Oranjestraat gewoon het, was die blokman in die slaghuis. Hy was sy hele lewe lank blokman in verskillende slaghuise op Ceres. Na sy aftrede het hy koster in die NG Kerk se Moedergemeente geword. Sy suster, Milla, wat vandag nog 'n inwoner van die Maudie Kriel Huis vir Bejaardes is, het die wonderlikste geheue wat ek nog teëgekom het. Sy was grootliks behulpsaam met die opstel van hierdie herinneringe.

Oom Tom het 'n kleurling met die naam van Ou Tak gehad wat met die melkery gehelp het. Dit was ook sy taak om die beeste soggens en saans veld toe en terug te jaag. Ou Tak het nie al sy varkies op hok gehad nie; om die waarheid te sê, hy het maar min varkies op hok gehad. As kinders het ons hom gedurig geterg, maar Ou Tak het nooit kwaad geword nie want hy het nie eens geweet dat ons hom terg nie.

Volgens wat my vertel is, het Oom Tom later met sy slaghuis na 'n perseel hoër op in die Voorstraat, die een aan die oostekant van Elite Drapers (waaroor ons aanstons sal berig) getrek. Dié slaghuis het hy later aan 'n sekere mnr Edwards verkoop. Mnr Jonker het later 'n bakkery langs hierdie slaghuis gehad. So ver ek kan onthou, het Oom Tom daarna 'n slaghuis in Vosstraat, tussen Dawid Cohen en sy seun, Losky, se besigheid en dié van die tandarts, mnr Koning, geopen.

Polly en Max Kirsch se winkels

Langs Oom Tom se eerste slaghuis was Polly Kirsh se winkel op die noordoostelike hoek van Vos- en die Voorstraat, terwyl Max Kirsh s'n regoor, op die noordwestelike hoek, was. Hulle was broers. Polly was ook die eienaar van die plaas Oustasie, net anderkant Michellspas. Polly se jongste seun, Leon, het saam met my by mev Conradie, die posmeester se vrou, vioollesse geneem, maar hy het baie beter as ek viool gespeel. Sy ouer broer, Theo, het klavierlesse geneem, maar toe gee sy pa hom 'n fiets waarmee hy heeldag rondgery het pleks van klavier te oefen. Toe hy nie na mev Conradie se sin gevorder het nie, het sy hom toe uit pure radeloosheid na elke musiekles 'n uur lank by haar laat oefen. Dié maatreël het Theo se musiekloopbaan tot 'n vinnige einde gebring, want hy het nie weer vir sy lesse opgedaag nie.

In daardie jare het die boere in 'n groot mate hulle kruideniersware deur middel van ruilhandel gekoop. Veral botter en eiers is op dié manier vir winkelware ingeruil. So het dit telkens gebeur dat 'n plaasboer en sy vrou met 'n perdekar voor Polly se winkel stilgehou het, met die mandjie met botter en eiers voor hulle voete op die kar staangemaak. Polly het dan oudergewoonte nadergestaan om oor die prys te onderhandel. Hy het dan, sê, 'one and three' aangebied, maar nee, die Oom wou 'one and four' hê. So is daar dan oor en weer gekibbel totdat daar tot 'n vergelyk gekom is.

Terwyl dié onderhandeling aan die gang was het Max gewoonlik aan die oorkant van die straat in sy winkel se deur gestaan, arms gevou en die linkerskouer teen die deurkosyn, en die petalje rustig gade geslaan. Net soos dit lyk of Polly die onderhandeling gaan wen, het hy doodluiters oor die straat gestap, die mandjie met botter en eiers van die kar afgetel, en gesê: 'Kom maar na my toe, Miester, ek sal jou one and four gee.'

Toe Max later vir hom 'n ander besigheidskompleks gebou het, min of meer daar waar die laaste Ceres Hotel eers gestaan het, het mnr Baum van Prince Alfred's Hamlet af na Ceres getrek en Max se eerste winkel oorgeneem. Mnr Baum, 'n baie netjiese man en 'n ware heer, het vir baie jare daar handel gedryf. Baie jare later, na mnr Baum se dood, het sy seun, Sammy, wat net so 'n heer soos sy pa was, saam met sy swaer, Cyril Sarembock, die besigheid voortgesit.

Sammy was baie gelukkig op Ceres, en dit was vir hom 'n groot teleurstelling toe die besigheid later verkoop moes word en hy noodgedwonge na Kaapstad moes verhuis. Daar het hy 'n pos as handelsreisiger by 'n groot firma beklee. Sammy kon egter nie sy lot aanvaar nie en het op die ou end sy eie lewe geneem deur homself te skiet.

24 Polly Kirsch en sy personeel voor sy winkel

25 Max Kirsch se winkel regoor die straat van sy broer, Polly, se winkel

Oom Dawid Cohen

Ou Oom David Cohen (by ons was hy gewoon as 'Oom Dawid' bekend) was 'n produktehandelaar en het sy besigheid aan die westekant van Vosstraat, reg agter Max Kirsch se winkel, gehad. Lank voordat hy egter dié besigheid begin het, het hy, nadat hy glo 'n tyd lank eers as 'n smous in die distrik bedrywig was, 'n winkel by die Hottentotskloof-uitspanning, daar bo-op Theronsberg waar die Touwsrivier-pad uit die Calvinia-pad afdraai, gehad.

Nadat hy Ceres toe getrek het, het Oom Dawid sy besigheid in Vosstraat begin. Hy was 'n vernuftige besigheidsman wat met alles handel gedrywe het – huide en velle, wol, graan, perde en muile – enigiets wat jy wou koop of verkoop. So het hy eendag 'n ryperd aan

iemand verkoop wat gedurig sy ruiter afgegooi het. Toe die koper by Oom Dawid kom beswaar maak, het hy die volgende raad gekry: 'Man, as die perd wiep, maak 'n kliep aan sy stert vas!'

Toe Oom Dawid op 'n tyd 'n tweedehandse motor aangeskaf het wat hom dikwels in die steek gelaat het, moes hy baie spot van die mense verduur omdat iemand dit sowaar reggekry het om Oom Dawid te kul. Sy kommentaar was egter altyd: 'Maar hy het so 'n lekker hoeter!'

Oom Dawid het later die plase Roggevlei en Odessa in die Kouebokkeveld gekoop en daar geboer. Sy twee seuns, Losky en Elias, was goed bekend op Ceres en twee vooruitstrewende jongmanne.

Losky het later Oom Dawid se besigheid op Ceres bedryf terwyl hy ook op Odessa geboer het. Losky se seun het vandag 'n bekende perdestoetery op hierdie plaas. Losky het op gevorderde ouderdom Parkinson se siekte gekry en het al stadiger en stadiger begin beweeg asook baie gebewe. Na sy heengaan het sy weduwee nog baie jare, tussen al die oudhede wat sy en Losky versamel het, op Ceres gewoon.

Oom Dawid se tweede seun, Elias, het later op die plaas Ebenaeser naby Prince Alfred's Hamlet met hoenders en sagtevrugte gaan boer. Hy was 'n baie hardwerkende man en het ook vrugte van ander plase opgekoop en verpak. Hy is later met Daizy Singer van Tulbagh getroud, 'n aantreklike en aangename persoon wat ook baie gasvry was. Ek onthou nog wat 'n ware plesier dit was om by hulle te gaan besoek aflê.

Die ou kliptronk en kloktoring

Die ou kliptronk was naby die suidoostelike hoek van die Voorstraat en Vosstraat geleë (waar die polisiekantoor vandag staan). Hier het die bandiete met hul driekwartlengte broeke en dwarsgestreepte oortruie soggens vroeg aangetree en is hulle kaalvoet en in gelid na die plase marsjeer waar hulle moes gaan werk. Die wag, in uniform en geweer oor die skouer, het hulle vergesel. Vyfuur die middag het hulle weer op dieselfde wyse teruggemarsjeer tronk toe.

Ons het maar altyd 'n sagte plekkie vir hulle gehad, en ek kan onthou hoe Oupa Joubert op Morceaux soms so 'n stukkie roltabak hier kort by hulle laat val het as die wag nie gekyk het nie. Dit was 'n openbaring om te sien hoe onopsigtelik daardie stukkie tabak opgetel word sodat jy, wat dophou, dit byna nie kan raaksien nie.

Reg op die suidwestelike hoek van Vos- en die Voorstraat, langs die tronk, het 'n klok aan 'n kloktoring gehang wat van klip gebou was. Ek kan nie onthou met watter geleenthede hierdie klok gelui is nie, buiten met die ingang van die nuwe jaar.



26 'n Blik op die kloktoring vanuit Vosstraat met die (derde) Ceres Hotel aan die regterkant

Meneer Estermann

Langs die kloktoring, nog steeds aan die suidekant van die Voorstraat (waar Ceres Fashion Saloon vandag is), het mnr Estermann, in vennootskap met mnr Joseph Kirsh, sy winkel gehad. Mnr Estermann was so 'n kort, dik mannetjie met kort beentjies en het regoor dr Munnik op die suidoostelike hoek van Vos- en Pinestraat gewoon.

Vroeg in die twintigerjare, toe die mense begin motors aanskaf het, het mnr Estermann vir hom 'n Studebaker met draadspeekwiele gekoop. Ek weet nie of dit as gevolg van sy kort beentjies was nie, maar hy kon maar net nie daarin slaag om die koppelaar behoorlik te beheer nie. Hy het altyd soos 'n naelloper weggetrek en dan twee gate in die gruispad agtergelaat soos die wiele geskop het.

Sy motorhuis was regoor die oprit na dr Munnik se agterplaas, en daar die motorhuis se vloer heelwat hoër as die straatoppervlak was, was die oprit taamlik steil. Dit was dus 'n hele operasie om die motor in die motorhuis te kry. As mnr Estermann die oprit te versigtig benader, stop die motor voordat hy bo kom en hardloop dwars oor die straat agteruit tot in dr Munnik se agterplaas. As hy weer met die langer aanloop genoeg spoed opbou,

ry hy agter teen die muur van die motorhuis vas. Sowel die muur as die motor het dan ook die gevolglike letsels getoon.

Mnr Estermann het die probleem probeer oplos deur 'n dik paal dwars teen die agterkant van die motorhuis se vloer aan te bring waar die voorwiele moes stop. Die paal was met kort houtjies teen die agterste muur gestut. Daarna kon hy met vertroue teen die paal vasry, wat die motor dan met 'n ruk tot stilstand gebring het. Maar eendag het hy die paal te vinnig bestorm. Die motor het dwars oor die paal gespring en die muur soos 'n bokram, wat eers op sy agterpote staan, van bo af gestamp. Dit het heelwat mannekrag geverg om die voorwiele weer oor die paal te lig en die motor uit die slagyster te bevry.

Mnr Michael L D S Epstein, 'Dental Surgeon'

Langs mnr Estermann se winkel was Barclays Bank, 'n geboutjie met 'n smal vooraansig wat diep na agter toe ingeloop het. Die bestuurder was mnr Klingbull, 'n man met 'n middellyfomtrek van na aan die twee meter. Hy het vreeslike klein voetjies gehad en ons het altyd gewonder hoe hy dit regkry om sy kolossale maag op hierdie voetjies te balanseer.

Toe Barclays Bank later na Max Kirsch se nuwe besigheidskompleks getrek het, het mnr Epstein, die tandarts, hier ingetrek. Dit was by hierdie einste tandarts waar Joubert, my jonger broer, eendag 'n groot moles gemaak het. Joubert was verskriklik bang vir 'n tandarts, nog banger as ek, maar die tandpyn het hom die vorige nag behoorlik laat les opsê. Ter onderskraging het Vader en ek hom die volgende dag na mnr Epstein se spreekkamers vergesel.

Terwyl Vader en ek voor in die wagkamer gewag het, het mnr Epstein Joubert in die agterste kamertjie in die stoel sitgemaak, en soos 'n barbier 'n groot wit laken oor sy bors gegooi en agter sy nek vasgestrik. Dr Hill was ook daar om vir Joubert 'n bietjie gas toe te dien sodat hy darem die pyniging van inspuitings gespaar kon word. Daar was egter 'n foutjie by die gasbotteltjie en toe dr Hill die gas begin toedien, bars die bottel met 'n harde knal.

Joubert het hom 'n papie geskrik, uit die stoel opgevlieg, en die volgende oomblik sien ons net hoe hy soos 'n dwarrelwind hier voor deur die wagkamer nael, met die doek wat soos 'n vlag in die suidoostewind agter hom aanwapper. Vader het nog geskree: 'Vang hom, Fraan!' maar toe ek by die deur uitkom, was ek net betyds om te sien hoe hy ooplê straat

af, terwyl hy die doek, somar so met een beweging, van sy nek afpluk en sywaarts weggooi.

Piet Wilgers het voorkant, al klokluiende met die twee borde wat oor sy skouers hang om die bioskoopprent van die aand te adverteer, aangestap gekom. Toe dié probeer om Joubert in sy vaart te stuit, word hy uit die grond geloop dat hy daar diekant in sy borde verstrengel lê en die klok al beierende agter Joubert aanrol.

Ek was byna vyf jaar ouer as Joubert, maar hy het die groot bang gehad, en ek kon hom eers daar kort by die brug van agter af inhaal. Vader moes my kom help om die arme, byna histeriese Joubert al spartelende terug ter slagting te lei.

Die poskantoor

Skuins oorkant Mister Epstein se spreekkamers, aan die noordekant van die Voorstraat, was die poskantoor, net langs Max Kirsch se winkel. Die poskantoor was maar 'n klein geboutjie wat by die dorp van destyds gepas het, en daar was net een klerk agter die ystertralies van die toonbank.

Mnr Nutt was destyds die posmeester en hy kon soms taamlik kortaf en onvriendelik wees. Toe mej Basson, 'n onderwyseres, hom eendag vra of hy vir haar kleingeld vir £1 kan gee, het hy haar ingelig dat die Standard Bank net langsaan is. Sy koop toe 'n halfpennieseël en betaal hom met die pondnoot. Hierop was sy antwoord, terwyl hy haar diep in die oë kyk: 'You got me this time.' Mej Basson se reaksie op mnr Nutt se kortaf behandeling was egter baie kenmerkend van haar. Sy het altyd haar 'man' gekry – hoewel sy nooit getrou het nie.

Mnr Nutt is later deur mnr Conradie opgevolg. Nadat die poskantoor na die perseel regoor Luyt & Kie, aan die westekant van die Dwarsrivier, verskuif het, het mnr Newmark, die prokureur, op die ou perseel ingetrek.

C W Newmark, 'Attorney'

Mnr Newmark, die prokureur, se woonhuis was regoor dié van mnr Estermann op die noordoostelike hoek van Vos- en Pinestraat. Aan albei straatkante van die huis was 'n hoë groen heining wat hom soveel privaatheid gegee het dat net die huis se dak van die

straat af sigbaar was. Hy het ook 'n motor aangeskaf, maar dié was somar 'n windmaker-motor wat by sy status gepas het. Dit het behoorlik soos 'n langwerpige negosiekis met venstertjies rondom gelyk. Dié motor was nie alleen die eerste sedanmotor op Ceres nie, maar het boonop ook nog 'four wheel brakes' gehad – die ander, 'gewone' motors het net aan die agterwiele gerem.

Mnr Newmark het nie self bestuur nie. Hy het dié kuns liewer aan sy vrou oorgelaat, wat dit met mindere sukses bemeester het. Sy was 'n klein mensie en net haar twee ogies was bokant die stuurwiel sigbaar. Aan die oorkant van Vosstraat was 'n stormwaterafleisloot, omtrent nege voet breed en ses voet diep, waarin mev Newmark beland het toe sy tussen die pedale onklaar getrap het. Die motor het soos 'n hond plat op sy stert in die sloot gaan sit met die neus al snuiwende in die lug.

Mev Newmark het eers histeries gegil en daarna 'n floute gekry. Die vrouens van die buurt het haar met 'n botteltjie vlugsout onder die neus bygebring en twee mans het hande gevat en haar al snikkende in 'n sittende posisie tussen hulle die huis ingedra. Ja, die motors het vir ons kinders heelwat pret verskaf.

Na mnr Newmark se aftrede het mnr Hauptfleisch die prokureurspraktyk oorgeneem.

Die Standard Bank

Langs die poskantoor was die Standard Bank (net daar waar dit vandag nog staan), met die bankhuis, waar die bestuurder gewoon het, net langsaan. (Die bankhuis moes 'n gedeelte van die perseel beslaan het waar die eerste sanatorium vir teringlyers vroeër gestaan het.) Die eerste bankbestuurder wat ek kan onthou, was mnr Elliot. Maar voordat mnr Elliot daar bankbestuurder geword het, het daar 'n sekere mnr Büchner in die Standard Bank gewerk.

Mnr Büchner het destyds na 'n nooi Du Toit wat op Prince Alfred's Hamlet gewoon het, gevry. Seker maar om 'n bietjie indruk op haar te maak, het hy een Sondagoggend met 'n huurmotor (ons het toe nog nie van 'n taxi gepraat nie) van Ceres af na haar huis gery. Daar aangekom, staan sy nooi se vader, wat 'n ouderling in die kerk was, net mooi gereed, geklee in sy manelpak en pluiskeil, om kerk toe te stap. Met dié sien mnr Büchner 'n gulde geleentheid om sy aansien ook by die oom ietwat in te skerp, en vra toe die huurmotorbestuurder om sy aanstaande skoonvader, soos hy gehoop het, kerk toe te neem.

So gesê, so gedaan. Die oom neem toe, vir die eerste keer in sy lewe, sy sitplek, kiertsregop en pyp in die mond, op die agterste sitplek van die huurmotor in. Op pad kerk toe misreken die huurmotorbestuurder hom egter met die diepte van 'n stormwatervoor wat regoor die pad loop en ry hopeloos te vinnig daardeur, sodat die motor met 'n geweldige stamp aan die ander kant uitkom. Tegelykertyd wip die oom op die agterste sitplek so hoog dat sy kop hard met die motordak kennismaak, die pluiskeil tot oor sy ore gestamp word en die wêreld om hom in 'n wolk van rook en gloeiende pyptabakas verander.

Ondanks dié voorval, is mnr Büchner later met die oom se dogter getroud en is nog later na die Standard Bank in Bellville verplaas. Hulle het twee seuns, Isak en Johan, en een dogter gehad. Isak het later 'n kafee in Bellville bedryf en Johan, wat 'n dwergie was en nooit getrou het nie, het tot sy heengaan as telefonis by die Hume Pype Company in Bellville gewerk.

Mnr Elliot, die bestuurder van die Standard Bank op Ceres, is later deur mnr Loubser opgevolg. Johny Kerstein was die teller agter die toonbank en is later met mnr Loubser se dogter, Lulu, getroud. Johny het nooit musiekonderrig ontvang nie, maar kon enige instrument onder die son bespeel. Hy het later die klavier in my orkes gespeel.

Volkskas het 'n tak op Ceres kom open in die tyd dat mnr Loubser bestuurder van die Standard Bank was. Om die nuwe opposisie opdraand te gee het mnr Loubser al sy kliënte besoek en lekkers aan die kinders uitgedeel.

Langs die bankhuis was 'n deurgang na nog 'n uitspanning wat agter die geboue langsaan geleë was. Soos by die reeds genoemde een, het hierdie uitspanning ook 'n toegang vanaf Munnikstraat gehad. (Hierdie twee toegange kan vandag nog gesien word, een langs die kantoor van Hauptfleisch & Hauptfleisch, en die ander regoor die agterplaas van die gewese Baumann's Store.)

Ek onthou nog die tyd toe die munisipaliteit besig was om die stuk van die Voorstraat teenoor dié ingang van 'n nuwe gruislaag te voorsien. Die bolaag van die straat is losgekap sodat die nuwe gruis goed met die padoppervlak kon bind. Veertien swart mans het skouer aan skouer in 'n reguit ry gestaan, pik in die hand. Die voorsanger het op 'n eentonige wysie geneurie: 'Haaibon siekabon siekabon' ... Woeps! kap almal gelyk, 'Haaibon siekabon siekabon' ... Woeps! Voetjie vir voetjie, dag na dag, week na week het dit op dié manier stadig in die Voorstraat op gevorder. Maar dit het nie veel saak gemaak nie, want tyd was volop en daar was in elk geval geen ander manier om die werk te verrig nie.

In dié tyd, so om en by 1922, het die munisipaliteit sy eerste vragmotor aangeskaf, 'n stoom-lorrie met soliede rubberbande. Oom Frikkie Steyn was die bestuurder en stoker.

Wanneer die vragmotor se asem opgeraak het teen die opdraande strate in die dorp, het Oom Frikkie 'n bietjie kole ingegooi, 'n rukkie gewag dat die stoomdruk opbou, en dan weer voortgestoom. Ons kinders wou vreeslik graag saamry, maar Oom Frikkie is verbied om kinders op te laai. Maar eendag het hy ons tóg skelmpies opgelaai en 'n straatblok ver laat saamry. As kind was dit vir my 'n tamaai groot vragmotor, maar dit kon nie so groot gewees het nie, want ek onthou nog dat ons paar kinders van die buurt byna die hele bak vol gestaan het.



27 Oom Frikkie Steyn met die munisipaliteit se stoomlorrie

Max Kirsch se winkelkompleks

Max Kirsch het later 'n winkelkompleks op die noordoostelike hoek van Munnik- en die Voorstraat gebou. Dié kompleks het sowel sy nuwe winkel as Barclays Bank, die apteek, Oom Petrus de Kock se winkel en haarkapperbesigheid, en Oom Piet du Toit se winkel gehuisves. Die apteker was mnr Fox, 'n rooikop Ier, wat 'n baie vriendelike en mooi vrou gehad het. Sy het later saam met vriende in 'n motorongeluk gesterf.

Oom Petrus de Kock het baie jare by Baumann's Store (waarvan ons netnou sal vertel) gewerk voordat hy sy eie besigheid in Max Kirsh se winkelkompleks begin het. 'n Mens moes deur sy winkel loop om by die haarkapperafdeling uit te kom. Laasgenoemde was die mans se bymekaarkomplek en ook die plek waar al Ceres se jongste nuus verkry kon word. Na Oom Piet du Toit se aftrede het Oom Petrus dié se winkelruimte gekoop, soontoe oorgetrek en tot sy dood sy besigheid daar bedryf.

Mnr Van Eck het as haarsnyer by Oom Petrus gewerk en was alewig besig om op te hou met rook. Hy moes dit betreklik maklik gevind het, want hy het gereeld elke maand

opgehou. Hy was van bed en tafel van sy vrou geskei (wat dit ook al mag beteken), maar hulle het bymekaar in dieselfde huis gewoon.

Oom Piet du Toit, van sy skooljare af bekend as Piet Jood, was 'n baie vriendelike en hulpvaardige man wat jou altyd met 'n glimlag gegroet het. Soos dit maar soms met ons almal gaan, is sy hulpvaardigheid op 'n dag verkeerd vertolk, wat tot 'n gruwelike misverstand gelei het. 'n Reisiger op pad na Calvinia het een oggend vroeg by Oom Petrus se haarkappery aangedoen om sy hare te laat sny. Daar hy die eerste kliënt van die dag was, was die meeste parkeerplekke nog leeg en kon hy sy motor reg voor die haarkappery in die straat parkeer. Die munisipaliteit was egter besig om die Voorstraat op te knap en, soos die noodlot dit wou hê, was dit juis dié parkeerplek wat 'n lelike slaggat gehad het wat met gruis opgevul moes word. Toe die voorman van die munisipaliteit se werkspan die motor oor sy werkarea sien staan, stap hy daar en dan Oom Petrus se haarkappery binne, storm op die reisiger af daar waar hy in die stoel sit, beveel hom ewe onbeskof en sonder die nodige verduideliking om sy motor te verwyder, draai in sy spore om en stap by die deur uit. Die reisiger het toe ewe ongeërg, met doek en al om die nek, opgestaan, na die deur gestap, gesien dat sy motor reg parkeer was, en sonder om 'n woord te sê, weer in die stoel gaan sit.

Oom Piet Jood, wat van sy winkel af langsaan die skaakmat gestaan en dophou het, besluit toe om op taktvolle wyse 'n handjie te kom bysit. Hy stap toe Oom Petrus se haarkappery binne, nader die reisiger met 'n vriendelike glimlag op sy gesig, en vra hom in 'n sagte en hoflike toon of hy nie asseblief sy motor net so 'n bietjie vorentoe sou trek nie. Hy het egter ook nagelaat om die rede vir die versoek te verstrek. Toe die reisiger in Oom Piet se glimlaggende gesig opkyk, lees hy dié se goedbedoelde optrede heel verkeerd. Terwyl hy homself so half uit die stoel uitlig, snou hy Oom Piet toe: 'En vir wie de hel lag jy?'

Reg agter Max Kirsch se winkelkompleks was nog 'n uitspanning met een deurgang tussen die winkel en Standard Bank se bankhuis na die Voorstraat, en 'n tweede toegang na Munnikstraat.

Waar Munnikstraat in die Voorstraat doodloop

Die Engelse kerkie (dit is eintlik die St Andrew's Anglican Church, maar ons Afrikaners het dit gewoon die 'Engelse kerk' genoem) was maar altyd daar op die suidoostelike hoek

van Munnik- en die Voorstraat (maar was toe veel kleiner as wat dit vandag is). Die predikante het in die pastorie agter die kerkie gewoon en het van tyd tot tyd verwissel.

28 Die eerste St Andrew's Anglican Church met die pastorie in die agtergrond

Eintlik het Munnikstraat by dié pastorie doodgeloop, maar dit was steeds moontlik om met so 'n nou straatjie met 'n klein kronkel na oos verder na die kleurlingbuurt aan te ry. Reg by die kronkel het daar 'n ander paadjie na wes afgedraai na 'n pragtige strooidak-huis waarin Oom Ben Hough gewoon het. Dié huis was glo die oudste huis op Ceres omdat dit die opstal was van die plaas Rietvallei waarop die dorp oos van die Dwarsrivier oorspronklik aangelê is.

Oom Ben was agent vir die Prudential Versekeringsmaatskappy. Vandaar dat die huis die naam Prudentia gedra het. Oom Ben was 'n lang man wat met 'n piepfyn stemmetjie gepraat het, maar met 'n diep basstem in die kerkkoor gesing het. Hy was ook die eienaar van die skoollorrie wat die skoliere van Prince Alfred's Hamlet na Ceres se hoërskool vervoer het. Dit was somar 'n gewone vragmotor met 'n seilkap op en met drie lang banke oorlangs agter die stuurkajuit aangebring. Hoewel die skoollorrie Oom Ben se eiendom was, het 'n paar hoërskoolseuns gewoonlik as lorriebestuurders opgetree.

Toe ek in die skool was, het Gielie du Toit, seun van Oom Frans (Letjie) du Toit van Hamlet en ook 'n klasmaat van my, die lorrie bestuur. Ek het hom soms per geleentheid afgelos, veral wanneer hy siek was. Nadat ons twee die skool verlaat het, het Oom Albert du Plessis die vervoer van die skoliere waargeneem en dit was in dié tyd dat die ongeluk gebeur het.

Frans Conradie van die plaas Koelfontein, naby Hamlet, wat later administrateur geword

het, was besig om die lorrie te leer bestuur. Een middag toe hy met 'n klomp skoliere van Ceres op pad Hamlet toe was, het 'n kalf by Sopieshoogte voor die lorrie ingehardloop. Frans het te vinnig uitgeswaai, van die pad af gery en die lorrie het omgeslaan. Een van die Goosen-seuns is oorlede en 'n paar ander kinders het ook beserings opgedoen. Die ironie van die saak was dat die lorrie vir Louis Reynolds, wat na skool moes bly, weggery het, en dat die Goosen-seun op Louis se plek gaan sit het.

Mnre krige & De Wet, prokureurs

Die dubbelverdiepinggebou op die suidwestelike hoek van Munnikstraat se verlengingstraatjie en die Voorstraat, het die prokureurskantore van Krige & De Wet in die onderste verdieping gehuisves. Die gebou was bekend as Hough's Chambers. Mnr De Wet het aanvanklik op die eerste verdieping van die gebou gewoon. Dié woonplek se ingang was van die verlenging van Munnikstraat af met 'n donker houttrap bereikbaar. Na 'n rukkie het mnr De Wet vir hom 'n windmakerhuis in Parkstraat gebou waar hy en sy vrou dan ook gaan woon het. (Barclays Bank het later in hierdie gebou ingetrek.)

Mnr E W Krige was die burgemeester van Ceres en jy kan maar sê hy wás Ceres. Hy was 'n klein mannetjie met die hart van 'n leeu en die beste afslaer wat ek ooit op 'n vendusie gesien het. Hy het sy bieërs en rondstaners voortdurend met spitsvondige grappe getrakteer. As jy jou weer kom kry slaan hy 'n artikel op jou toe sonder dat jy bewus was dat jy daarop gebie het. Sodra die bieëry lusteloos begin raak slaan hy somar die item op die tweede bod vir 'n belaglike prys toe, en daarna val die mense weer mekaar in die rede om te bie.

Ek het eendag 'n vendusie bygewoon wat hy op 'n plaas in die Warmbokkeveld waargeneem het. Een van die items wat opgeveil moes word, was 'n ou geroeste sinkwatertenk vol gate. Toe hy geen bod op dié artikel kon kry nie, het hy naderhand in desperaatheid uitgeroep: 'Magtig, mense, ek wens dat ék so 'n tenk gehad het!' Maar mens moet nie 'n boer onderskat nie, en toe 'n stem uit die bieërs se geledere ewe ongeërg vra: 'Hoekom koop jy dit dan nie vir jouself nie?', moes hy maar saam met hulle lag.

Mnr Krige was so 'n merkwaardige mens dat daar maar altyd een of ander noemenswaardige storie van hom sal oorbly. So was daar die Symingtons wat in 'n huisie op Ceres se skougronde (aan die voet van Rooikrans) gewoon het. Hulle een dogter, wat met Nicolaas Deetlefs van die plaas Schoonvallei getroud was, was vir 'n groot deel van haar

lewe 'n invalide asook kinderloos. Mev Symington self was 'n kwaai vrou wat vir geen duiwel gestuit het nie, en die mense het van beter geweet as om swaarde met haar te kruis.

Mnr Krige was egter 'n man wat op sy eer gesteld was en het hom nie deur haar laat afskrik toe hulle eendag 'n potjie geloop het nie. Ek weet nie waaroor die twee vasgesit het nie, maar hy het haar by haar huis gaan besoek om haar op haar plek te gaan sit. Toe hy aanklop, het sy die voordeur oopgemaak, maar hom nie ingenooi nie. Die uiteinde van die saak was dat hulle mekaar somar so in die deur in die hare gevlieg het.

Die een ding het na die ander gelei en albei het redelik warm onder die kraag geraak. Mnr Krige, wat nie daaraan gewoond was om met soveel minagting behandel te word nie, het op die ou end sy humeur verloor en haar 'n taai klap gegee. Mev Symington, wat weer nie daaraan gewoond was dat klappe na haar kant toe uitgedeel word nie, was eers uit die veld geslaan, maar het later, toe sy tot verhaal kom, 'n saak van aanranding teen hom aanhangig gaan maak.

Toe die hofsaak voorkom, het mnr Krige sy eie verdediging waargeneem. Maar waar hy altyd ander mense se sake vir hulle gewen het, was sy eie een van die weiniges waar hy nie die mas kon opkom nie. Hy is skuldig bevind en die keuse tussen 'n boete en tronkstraf opgelê.

Mnr Krige, wat toe eers regtig die hoenders in was, het toe besluit om die tronkstraf uit te dien – 'n besluit wat netelige omstandighede geskep het, want hoe sou dit nou lyk as die dorp se burgemeester in die tronk sit? Sy skoonseun, dr Ludwig Cohen, het toe maar tot die gemeenskap se redding gekom deur die boete te betaal. Daardeur het hy hom egter die toorn van sy skoonpa op die hals gehaal.

Mnr Krige was 'n baie knap prokureur en as hy die saak teen jou behartig het, kon jy maar solank die boete gaan betaal. As jy 'n plaas of woonhuis wou koop of verkoop sou hy dit vir jou vind of 'n koper in die hande kry. Hy was ook 'n geldvoorskieter van naam en het baie verbande op eiendomme gefinansier. Met die depressie van 1930, toe baie boere bankrot gespeel het, het hy dan ook heelwat plase besit wat hy moes oorneem omdat die boere nie hulle finansiële verpligtinge kon nakom nie.

Daarby was mnr Krige ook 'n kunsliefhebber wat met sy vele reise 'n groot hoeveelheid kunsskatte versamel het. Sy vrou was 'n wonderlike en vriendelike mens sonder enige 'sights', soos ons destyds gesê het. Sy oudste seun, Johan, was saam met my in die klas, en met dié se verjaardag is die hele klas die middag na skool na sy verjaardagpartytjie genooi.

29 Mnr en mev E W Krige

Omdat dit darem gesiene mense was by wie ons moes gaan partytjie hou, het ons ouers ons ons Sondagklere, kouse en skoene inklusief, laat aantrek. Mev Krige het ons op die stoep ingewag, ons almal vriendelik gegroet, en toe gesê: 'Nou die eerste ding, trek die kouse en skoene uit!' Dié bevel is oombliklik met 'n oorverdowende 'Hoera!' uitgevoer, waarna ons weer vryelik en sonder pyn kon hardloop en spring.

Mnr en mev Krige het nooit 'n rolprent in Catto se vlooifliek (waaroor daar later meer berig word) misgeloop nie en het permanent bespreekte sitplekke in die agterste ry teen die muur gehad.

In vergelyking met mnr Krige was mnr De Wet, sy vennoot, maar 'n stug persoon. Gedurende die Ossewatrek van 1938, toe ons Afrikaners baarde gekweek het, het mnr De Wet heelwat te sê gehad oor hierdie 'afskuwelike' gebruik. Kort daarna het hy 'n soort ekseem in sy gesig opgedoen en moes van toe af noodgedwonge 'n baard dra, maar hy het nie aan die feesvierings deelgeneem nie.

Sebba se winkel en die tuishuise

Langs Krige & De Wet se kantore, ook in Hough's Chambers, het mnr Sebba sy horlosiewinkel gehad. Hy het horlosies herstel en verkoop maar meesal in die deur gestaan en kyk wat in die straat aangaan. Ons was maar lugtig om daar besigheid te doen, daar ons as

kinders geglo het dat hy skelm was. Boonop het Vader my eendag geld gegee om iets by Sebba te gaan koop, en toe wou hy my nie afslag gee nie.

30 Hough's Chambers met Krige & De Wet se kantore, en aan die regterkant, Sebba se horlosiewinkel

Tussen Sebba se winkel en die volgende gebou na die westekant toe was 'n nou stegie waardeur 'n mens kon deurstap na Oom Ben Hough se huis asook na 'n paar ander tuishuise waar die boere met nagmaal oorgebly het. Een van hierdie tuishuise het aan Oom Kallie van der Merwe van die plaas Moerasvlei (later bekend as Boplaas), behoort. Oom Kallie en sy gesin het altyd met nagmaal en sommige ander geleenthede hier tuisgegaan. Ek onthou nog dat hulle seun Fanie, wat in 'n ongeluk betrokke was, tydens sy herstel in hierdie huis gelê het sodat hy binne bereik van 'n dokter kon wees.

Die ongeluk het gedurende oestyd gebeur toe Fanie as touleier moes optree voor een van die selfbinders waarmee daar destyds geoes is. Om die een of ander rede het die esels wat die masjien getrek het, geskrik, op loop gesit en Fanie onderstebo gehardloop. Met dié het sy een been in die lemme van die masjien beland wat die vel en vleis voor op sy skeen afgestroop het. Sy ouers het toe hulle tuishuis vir hom ingerig sodat hy daar kon bly vir die lang periode wat nodig was vir die been om te herstel. Hy het vir meer as 'n maand daar moes lê. Fanie was 'n kleinneef van my, en Moeder het my gereeld met lekkernye soontoe gestuur. So het ek dikwels daar by hom gekom dat hy lê en huil het van die pyn. Die been het egter met verloop van tyd heeltemal herstel, en sover ek weet, het Fanie nie weer las daarvan gehad nie.

Baumann's Store

Op die noordwestelike hoek van Munnik- en die Voorstraat was Baumann's Store, 'n

groot winkel wat reeds in 1855 deur mnr Jan Hendrik Munnik en sy swaer, mnr H L de Lange, gebou en bedryf is. Mnr Munnik se seun, George Glaeser Munnik, was die eerste bestuurder van die winkel. George het later 'n magistraat en, nog later, 'n senator geword. (Daar bestaan vandag nog teelepeltjies en ander artikels waarop die woorde: 'Made expressly for Baumann' uitgegraveer is.) Nadat die gebou in die vroeë twintigerjare afgebrand het, is die winkel herbou. (Nog later is dit in 'n moderne winkelkompleks omskep.)

Pikkie Daan was, as ek reg onthou, een van die werknemers by Baumann's Store. Hy was 'n klein kleurlingmannetjie met 'n potsierlike figuurtjie en het altyd 'n langbroek gedra. Pikkie Daan was 'n geesdriftige ondersteuner van Ceres se rugbyspan en het tydens wedstryde altyd langs die veld en agter die pale op en af gehardloop terwyl hy die span luidkeels aangemoedig en toegejuig het.

Baumann's Store het met verloop van tyd verskeie eienaars gehad, onder andere mnr Jacobs en mnr A T W Dreyer. Laasgenoemde was 'n gesiene persoon en het later burgemeester van Ceres geword. Die winkelgebou en -pakkamers het die volle lengte van Munnikstraat tot by die hoek van Oranjestraat beslaan en mnr Dreyer se huis was op die suidwestelike hoek van dié twee strate.

Gedurende sy ampstermyn het mnr Dreyer dit deeglik geniet om sy burgemeesterstatus te laat geld. Hy was so effe bombasties en het 'n sterk persoonlikheid gehad. Op 'n dag, toe daar 'n swaar sneeuval in die distrik was, het hy vername gaste gehad wat hy wou trakteer deur vir hulle die sneeu op die plato bokant Gydopas te gaan wys.

Bo-op Gydopas het die sneeu dik gelê, en toe mnr Dreyer en sy gaste daar aankom, was daar alreeds talle sneeukykers wat die verbygaande motors met sneeuballe bestook het. Dié van ons wat mnr Dreyer geken het, het sy motor in vrede deurgelaat. Die besoekers wat egter nie van ons kontrei was nie, het nie geweet wie hy was nie, en al sou hulle geweet het, sou dit ook nie verskil gemaak het nie want daar is met sneeuballe gegooi sonder aansiens des persoons.

Toe 'n goeie sarsie sneeuballe mnr Dreyer se motor tref, het hy stilgehou om die gooiers te vermaan dat mens nie sneeuballe na 'n burgemeester se motor gooi nie. Toe hy uit die motor klim, het sarsie op sarsie sneeuballe hom egter met soveel geweld getref dat hy noodgedwonge na sy motor moes terugvlug. Sy enigste uitweg was om die deur haastig toe te klap en die aftog te blaas. Maar hy was hoogs ontstoke dat die aansien syns persoons so minagtend deur die 'skorriemorries' deur die modder gesleep is, en dit nogal in die teenwoordigheid van sy hoë gaste.

Mnr Dreyer was nietemin 'n burgemeester wat baie vir Ceres beteken het. Dit was gedurende sy ampstermyn en as gevolg van sy ondernemingsgees en deursettingsvermoë dat die besluit geneem is om 'n opgaardam in die voetheuwels van die Skurweberge aan Ceres se westekant (op die grond van die destydse plaas Wakkerstroom) te bou, en om deur middel daarvan elektriese krag op groot skaal met 'n hidroëlektriese skema op te wek. Die skema, wat £128 000 gekos het en op 18 Julie 1953 ingewy is, het uit twee waterturbines bestaan wat elk 250 kilowatt kon opwek.

Katkisasie by Ant Hansie Smuts

Ant Hansie Smuts het langs Baumann's Store in die Voorstraat gewoon en sy het haar Bybel soos haar handpalm geken.

Ons jongmense wat lidmate van die NG Kerk wou word, het destyds nog nie kategese gehad nie. Pleks daarvan het ons somar Sondagskool toe gegaan. In dié tyd was dit ook ongehoord om as lidmaat van die kerk aangeneem en voorgestel te word voordat mens die skool verlaat het. Dit was die gebruik om so tussen sewentien- en twintigjarige leeftyd te gaan katkiseer, en Ant Hansie Smuts was die persoon wat ons eers so twee of drie weke lank in geestelike sake 'gebrei' het voordat ds McDonald ons vir katkisasie onder hande geneem het. As jy ná die voorbereidingsperiode by Ant Hansie uitgestap het, het jy jou Bybel en al die meegaande dinge geken, en jy het geweet hoe om regtig te bid. Die dae van gebedjie opsê was vir ewig verby.

Nadat ons by Ant Hansie klaar was, het ons vir 'n week of wat by ds McDonald in die ou kerksaal gekatkiseer. Daar was gewoonlik twee ouderlinge teenwoordig wat aan weerskante van die predikant gesit het. Hulle was altyd ten volle in manel en strikdas geklee, met die hardebolkeile langs hulle op 'n stoel. Anders as by Ant Hansie, het die kattekwaad hier nie ontbreek nie.

Een van die ouderlinge, Oom Tom Theron, het 'n bleskop gehad. Piet Wolfaardt het ons altyd ingelig dat hy in der waarheid sy hare middelpaadjie kam!

In ons katkisasieklas was 'n seun wat doer uit die boendoes gekom het met sy driekwartbroek, lang swart kouse en velskoene. Maar moenie 'n fout maak nie, hy het sy Bybel beter as ons geken. Gedurende een van dié klasse het iemand uit ons geledere 'n stukkie karton so groot soos 'n motor se nommerplaat geneem, en in groot letters daarop geskryf: 'Foreign specimen, for exhibition only', en dit skelmpies met 'n gebuigde speld agter op

die seun se rug vasgesteek. Hy was salig onbewus daarvan totdat ons op die stoele gaan plaasneem en die ding hom begin pla het.

Hy het die naambord met groot moeite van sy rug los gemaak, en omdat hy nie die Engelse boodskap kon lees en verstaan nie, dit aan ds McDonald wat daar voor op die verhoog gestaan het, gaan gee. Ds McDonald was erg verontwaardig maar dit was ook duidelik dat hy die humor van die situasie ingesien het. Sy skrobbering van die verhoog af het hy dan ook afgesluit met: 'Foreign specimen for exhibition only ... bid jou aan!'

Uitspanning agter Baumann's Store

Tussen Ant Hansie se huis en die laaste gebou voor die brug oor die Dwarsrivier was Oom Tom Theron se latere slaghuis, en langs die slaghuis, 'n voetpad van die Voorstraat na die uitspanning in Baumann's Store se agterplaas. Soos die ander uitspannings het hierdie een ook twee toegange gehad, in dié geval, albei vanuit Munnikstraat. Die skuur met sy wabakhoë stoep was in Munnikstraat by die ingang naaste aan Oranjestraat geleë.

Elite Drapers

Die laaste gebou in die Voorstraat by die brug is eers baie later opgerig. In dié gebou was Tilly en Annie Nel se damesuitrusterswinkel, Elite Drapers, asook 'n kafee en teekamer, die Lawn Tea Lounge, met 'n uitsig op die rivier. Onder die bome op die rivier se wal was tafeltjies en stoele op die groen gras aangebring waar ook versnaperings bedien is. Dit was 'n aangename en gesogte plek om tee te drink.

Die uithangbord voor Elite Drapers het nie alleen die winkel se naam geadverteer nie, maar het ook aangedui dat handgemaakte damesklere van die nuutste snitte daar opgetower word. So het Tannie Van der Merwe, alom bekend as Tannie Gydo, dan ook eendag daar aangeklop om 'n rokkie te laat maak. Sy was 'n kolossale vrou van wie vertel is dat sy 'n skaapboud vir ontbyt opeet. Nadat Tilly haar mate geneem het en die materiaal uitgesoek is, het Tannie Gydo half verskonend vir Tilly gesê: 'Ag, kindjie, as jou tafel te klein is om die rokkie op uit te sny, moet jy dit tog maar op kerkplein gaan doen.'

31 Die Lawn Tea Lounge met Elite Drapers langsaan

Tilly is later met Steve Conradie, broer van die posmeester en bouer van nering, getroud. Nadat hulle die besigheid verkoop het, het hulle Farm House, in Paddavlei, gekoop. Steve het die gebou wat daar gestaan het as 'n losieshuis ingerig. Die twee het die losieshuis baie jare lank daar bedryf en was veral bekend vir die uitstekende kos wat hulle bedien het. (Daar word vandag nog loseerders in hierdie losieshuis gehuisves wat tans as Die Herberg bekend staan.)

Mnr Enoles se barbierwinkel

Ons stap nou eers weer terug na die suidekant van die Voorstraat, na die stegie langs Sebba se winkel. Aan die westekant van die stegie was 'n langerige gebou waarin mnr Enoles (spreek uit 'Ennoulees') se barbierwinkel en 'n kafee gehuisves was.

In die vroeëre twintigerjare, lank voordat Oom Petrus de Kock sy haarkappery op Ceres begin het, was mnr Enoles die enigste haarkapper op die dorp. Volwassenes het een-en-ses vir 'n haarsny betaal en kinders agt pennies. Hy het ook 'n prys van een sjieling vir volwassenes gehad, maar dan is jou baard met 'n 'cut-throat' geskeer. Die plek het altyd vol mans en seuns gesit wat op 'n beurt wag.

Dit was juis hier by mnr Enoles se haarkappery waar ek as jong seun een van my eerste lewenslesse geleer het. Terwyl ek my beurt afgewag het, het Oom Fanie Malherbe daar ingestap gekom. Toe hy sien dat ek die volgende persoon sou wees om aan die beurt te kom, vra hy my of ek nie bereid sal wees om my beurt aan hom af te staan nie. Deels uit

goeie maniere en deels omdat Oom Fanie 'n vername persoon was en dit my ego heelwat gestreel het om hom te kon help, het ek sonder huiwering ingewillig. Nadat mnr Enoles sy hare klaar gesny het, het hy ewe mooi dankie gesê, maar toe ek my plek daarna in die stoel wou inneem, is ek aangesê om agter in die ry in te val. Oom Fanie se beeld het somar heelwat in my estimasie gedaal.

Oom Johnny Darelis

In die kafee langs mnr Enoles se barbierwinkel het Oom Johnny Darelis, 'n Griekse immigrant, sy besigheidjie op Ceres begin met die £10 wat hy vir hierdie doel geleen het. Hy was 'n hardwerkende man en het soggens voor ligdag sy kafee skoongemaak en uitgevee sodat alles netjies kon wees wanneer die eerste klant opdaag. Hy het vooruitgegaan en is later met 'n minsame Afrikaanse dame, Bettie, getroud.

32 Oom Johnny Darelis



Oom Johnny en sy vrou, Bettie, het later die gebou waar mnr Estermann en Joseph Kirsch eers hulle winkel gehad het, betrek en 'n damesuitrusterswinkel met die naam Ceres Fashion Saloon daar bedryf. Hulle het een seun, Basil, en drie dogters, Emmarine, Irene en Mavis, gehad. Bettie is in 1993 oorlede, maar die kinders en Oom Johnny, wat reeds diep in sy tagtigerjare is, het by die skrywe hiervan almal nog geleef.

Oom Johnny het gou die Afrikaanse taal op 'n praktiese manier bemeester, maar sy grammatika en uitspraak was nie heeltemal volgens die reëls nie. Hy het vandag nog die gewoonte om kort-kort 'n 'because why' in sy sinne in te vleg.

Die Bergmann-gesin

Langs mnr Enoles se haarkappery, waar Oom Petrus de Kock later gewoon het, het die Bergmann-gesin gewoon. Mnr A L C Bergmann was 'n lang, skraal en nogal heel gawe man. Hy was die skoolraadsekretaris asook voorsitter van die Afdelingsraad vanaf 1925 tot 1938.

Mnr Bergmann se dogters was egter vreeslik 'highfelootin' en 'up-stairs', soos die oumense gesê het. Hulle het altyd van 'home' gepraat as hulle Engeland bedoel en het geweier om 'n woord Afrikaans te praat. Iemand het gesê dat hulle in elk geval te onnosel was om Afrikaans te leer praat. Freda, die een dogter, het met 'n vreeslike 'Oxford accent' gepraat wat jou die piep gegee het. As jy nou noodgedwonge Engels met haar moes praat, het sy gedurig jou uitspraak gekorrigeer en aan die einde van die gesprek haar hande gelate in die lug opgegooi en gesê: 'Oh, this dreadful colonial accent!'

Haar ouer suster, Caroline, was 'n musiekonderwyseres wat ook in Londen gaan studeer het. Gedurende haar verblyf daar het sy 'n rou Engelsman, mnr Hodgson, ontmoet en is met hom getroud. Hy was 'n befaamde violis wat op negejarige leeftyd reeds in die Albert Hall in Londen opgetree het. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was hy 'n vegvlieënier wat afgeskiet is en daarna swartwaterkoors opgedoen het. Na sy herstel kon hy nie weer loop nie en moes die res van sy lewe in 'n rolstoel deurbring.

Mnr Hodgson en Caroline het ná die oorlog na Ceres teruggekeer waar sy klavier- en hy vioollesse gegee het. Hulle het toe in 'n huis aan die noordekant van Bergsigstraat, wes van die Dwarsrivier, gaan woon. Dit was in dié tyd dat ek by hom vioollesse geneem het. Hy het altyd in 'n leunstoel gesit terwyl hy les gegee het. Na my beskeie mening was hy een van die beste vioolspelers wat ek ooit gehoor het. Hy het altyd vertel dat dit sy ideaal was om een van die vier beste vioolspelers in die wêreld te word, maar sy gesondheid het

hom hierdie ideaal ontsê. Nadat hy oorlede is, het ek verder by verskeie dames lesse geneem, maar ek het beter as hulle gespeel en derhalwe belangstelling verloor.

Mnr Bergmann se derde dogter, Connie, was baie sieklik en, soos die mense gesê het, vol iepekonders. Daar het seker nie 'n dag omgegaan dat sy dit nie nodig gevind het om die dokter te gaan spreek nie.

Mnr Bergmann se enigste seun, Alec, was 'n rakker wat Ceres taamlik vroeg in die lewe verlaat het om 'n heenkome elders te gaan soek. In 1936 het Piet Wolfaardt, Martin Reynolds en ek hom in die destydse Lourenço Marques (nou Maputo) raakgeloop waar hy met die honderesies te doen gehad het. In daardie dae was Lourenço Marques bekend (of berug?) vir die honderesies wat daar gehou is en waarvan die weddenskappe 'n goeie bron van inkomste vir daardie land was. Daarna het ek Alec net een maal weer op Ceres gesien en weet nie wat van hom geword het nie.

Die suidoostelike oewer van die Dwarsrivier

Die winkel van Katzenellenbogen & Fish was die laaste gebou voor die brug aan die suidekant van die Voorstraat. Agter die winkel was ook 'n uitspanning met twee toegange, een aan elke kant van die gebou. Hierdie besigheid is later deur Wolfie Fish oorgeneem en tot sy heengaan deur hom bedryf. Hy het 'n aangename persoonlikheid gehad, was besonder skrander in die skool, en was ook die Dux-leerling in matriek. Op sy oudag het Wolfie 'n beroerte-aanval gekry, en dit was tragies om die eens begaafde man aan 'n rolstoel gekluister te sien.

Aan die sykant van hierdie gebou, langs die westelike ingang na die uitspanning, was die eerste bioskopie op Ceres. Dit was eers baie later dat mnr Catto die nuwe bioskoop aan die oorkant, dit wil sê aan die westekant van die Dwarsrivier, gebou het.

Aan die suidekant van die Voorstraat, vlak langs die brug, het mnr Emil Andersson en sy gesin in 'n pragtige en statige strooidakhuis Friedrichs Ruh, op die oewer van die Dwarsrivier, gewoon. Voor en agter die huis was groot stukke grond wat deel van die erf gevorm het en waarop mnr Andersson op klein skaal geboer het. Hy was sy lewe lank met die sagtevrugtenywerheid gemoeid, het as sekretaris van verskillende verenigings gedien, en was ook by tye die sekretaris van Ceres Fruit Growers Cooperation voordat dié in 'n vrugteverpakkingsbedryf omskep is.

Dit is ook op mnr Andersson se erf waar die groot boom waarvan Lawrence Green in sy

boek *Beyond The City Lights* skryf, staan. Nadat mnr Andersson oorlede is, het die huis in die hande van die familie gebly en het sy skoonsuster, die weduwee Andersson, vrou van ds Andersson, met haar twee dogters hier ingetrek. Omdat die huis teen dié tyd al baie bouvallig was, het sy dit laat sloop en 'n nuwe huis op dieselfde plek as die oue gebou. Sy het hier gebly totdat sy oorlede is.

(Pieter Malherbe, vroeër van die plaas Ezelsfontein, het die huis op die vendusie na mev Andersson se dood gekoop, en dit kort voor sy heengaan weer aan Johan Roux verkoop.)

Hiervandaan stap ons oor die Van Bredabrug, 'n ou houtbrug oor die Dwarsrivier, sodat ons die westekant van Ceres se Voorstraat kan verken.